higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TIMMERWERK EN DAKWERK

NKR VLAK 4

(12030504)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Gee 'n kort verduideliking van elk van die volgende terme wanneer ondersteuningstrukture vir geisers gebou word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Ondersteuningsdek

1.1.2 Bindbalk

1.1.3 Drupbak

1.1.4 Balk ('Joist')

1.1.5 Ribbe ('Webs')

(5 × 1) (5)

1.2 'n Geiser is swaar en kan ernstige skade aan 'n dakkonstruksie en die res van die huis veroorsaak as dit nie korrek geïnstalleer en ondersteun word nie. Die bykomende deel wat gebruik word om die bindbalk te versterk, moet streng ooreenkomstig die gestipuleerde vereistes gemonteer word.

Gebruik die sleutelwoorde hier onder en bespreek die installasievereistes van 'n geiser se ondersteuningsdek, vir 'n geiser met 'n kapasiteit van minder as 250 liter.

bespykeringsmetode; graad; uitstrekking; aanbevole lengte; bekwame persoon; minimum dakkappe benodig

(8)

1.3 Sekere soorte dakontwerpe kan dit moeilik maak vir werksmense om in te werk, omdat daar beperkte ruimte is.

Gee TWEE redes hoekom dit nie toelaatbaar is om die ribbe van 'n dakkap te verwyder of weg te sny wanneer 'n ondersteuningsdek vir 'n geiser geïnstalleer word nie. (2) **[15]**

VRAAG 2

2.1 Regverdig die voordele van en redes vir plafonne in geboue. (12)

2.2 Wat is die standaard- toelaatbare afstand tussen latwerk vir die ondersteuningsraamwerk van 'n gipsplafon? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

2.3 Wat is die doel van pakmateriaal wanneer die daklatte vir plafonne vasgemaak word? (2)

2.4 Gee DRIE voordele daarvan om kroonlyswerk te installeer waar die rand van die plafon en die mure van die kamer bymekaar kom. (3)

2.5 Wat is die minimum grootte van 'n valluik? (1)

2.6 Wat is die minimum gewig wat 'n valluik moet ondersteun? (1)

Kopiereg voorbehou

2.7 FIGUUR 1 toon die planaansig van 'n tweeslaapkamerhuis met 'n skilddakstruktuur. Die plan is aan die regterkant genommer (2.7.1–2.7.3) om moontlike posisies vir 'n valluik aan te dui.

Gee TWEE redes waarom jy by elk van die posisies (2.7.1–2.7.3) in FIGUUR 1 'n valluik sal installeer of nie sal installeer nie. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.7.1–2.7.3) in die ANTWOORDBOEK neer.



Bron: *www.biteinto.info*

FIGUUR 1

(3 × 2) (6)

2.8 Noem DRIE soorte materiaal wat gewoonlik gebruik word om 'n plafon te isoleer. (3)

[30]

VRAAG 3

3.1 Vergelyk die voordele en nadele van houthangvloere en betonvloere. (8)

3.2 Gee DRIE redes waarom lamelhoutbalke verkies word oor balke van natuurlike hout wanneer dit in die konstruksie van houthangvloere gebruik word. (3)

3.3 Verduidelik waarom goeie ventilasie (lugstroming) onder 'n houthangvloer van uiterste belang is. (3)

3.4 Gee kort beskrywings van die volgende terme wat verband hou met die konstruksie van houthangvloere:

3.4.1 Moerbalkmuur (2)

3.4.2 Mierplaat (2)

3.4.3 Vogdigte membraan (2)

[20]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

4.1.1 Buitedeure is gewoonlik swaarder as binnedeure omdat hulle van soliede hout gemaak word.

4.1.2 'n Deurraam moet in die vorm van 'n parallelogram wees met alle hoeke 90°.

4.1.3 Indien die binnedeurkosyne van 'n deurraam effens wangerig is, kan jy dit verstel deur die skarnier aan die kontakkant ten minste 6 mm nader aan die sponning te skuif.

4.1.4 Indien die vloer nie waterpas is nie en afwaarts skuins staan, weg van die deur af, moet jy die opsiener in kennis stel en versoek dat die messelaar die probleem regmaak voordat jy die deur kan insit en hang.

4.1.5 Deure wat gewoonlik aan die voorkante van huise of kantore geïnstalleer word, het glaspanele om lig in te laat. (8)

4.2 Noem die SES stappe, in die korrekte volgorde, wat 'n timmerman volg om 'n nuwe deur te hang. (6 × ½) (3)

4.3 Bespreek die prosedures wat jy sal volg om 'n tweeklawer-insteekslot in 'n nuwe deur te installeer. (9)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE voordele van die gebruik van vervaardigde planke in plaas van soliede hout in die bou van kombuiskabinette. (3)

5.2 Verduidelik die doel van 'n plint van 'n kas sowel as die rede waarom dit uit soliede dennehout gemaak moet wees wanneer dit in 'n kombuis geïnstalleer word. (4)

5.3 'n Profielmaat word gebruik tydens die installasie van voorafvervaardigde kaste.

Verduidelik hoe die profielmaat werk en hoe dit gebruik kan word om uitsnystukke akkuraat te merk in skopplanke ('kickboards') wat met vloerlyste en kwadrante moet oorkruis. (4)

5.4 Waarom is dit raadsaam om die handvatsels slegs aan te sit nadat die voorafvervaardigde kaste op die perseel afgelewer is vir installasie? (2)

5.5 Noem TWEE nadele van oop rakke. (2)
[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou